

## 24 Julie - MAJESTEIT

**Skrifgedeelte: Psalm 96**  
**Fokusgedeelte: Psalm 96:6**

**D**ie arme mens, sonder majesteit, heerlikheid en luister: dit is al wat na die sondeval van die kroon van God se skepping oorgebly het. Maar bo hierdie ellendeling is God, vol majesteit en luister!

- Hoe groot is God tog nie!
- Al die lof kom Hom toe!

Psalm 96 is 'n geesdriftige oproep om die Here se Naam groot te maak. Hy alleen is groot – en die gode waarop mense vertrou, is niks. Hy is die Skepper van hemel en aarde.

Ja, God is groot. Juis as die psalmdigter wys op die majesteit en luister van die Here, bevestig hy dit.

- Majesteit en luister: dit wil sê die prag, die heerlikheid, die grootheid, die wonderlikheid wat uit die Here straal.
- Eienskappe wat net die hoogste Koning het.
- Dit is te veel om in mensewoorde te beskryf.

Ja, God is groot bo alles in hemel en op aarde. Hy troon bo alles uit. Sy majesteit beteken, sê Psalm 96, dat ons die sekerheid het dat God regeer. Daarom staan die wêreld vas en is sy oordele regverdig.

Sy majesteit beteken dat ons die sekerheid het dat die Here kom om oor die aarde te heers. So bring die majesteit van die Here ons uit by ons Verlosser en Saligmaker, Koning Jesus Christus. Hy het vir 'n tyd sy majesteit en luister prysgegee, as "Ellendeling" aan die kruis gehang, sodat ons, korrupte sondaarmense, met majesteit bekleed kan word (Ps 8; Heb. 2:6-8).

Dié majesteit wat ons in Christus ontvang het, is heerlik. Dit beteken om kind van God te wees, deel van die koninklike familie en deel aan sy ewige heerlikheid.

Dit bring egter ook verantwoordelikheid mee, naamlik:

- om met majesteit te heers oor die sonde,
- om die sonde te haat en te ontvlug,
- om God se majesteit deur jou lewe uit te dra.

Omdat jy deur Christus duur gekoop is, kan jy leef as sy majesteit, koningskind van God!

*Sing: Psalm 8:1, 7 (1936-beryming)*

*Ds RG Aucamp (Middelburg, Karoo)*